# UITNODIGING AAN
# LEDE VAN STREEK VAALRIVIER
# ASOOK LEDE VAN ANDER STREKE

**U WORD HIERMEE HARTLIK UITGENOOI NA 'N**

## VIRTUELE GEMASKERDE CORONA-"LOCKDOWN" SAAMTREK

**DATUM VAN SAAMTREK:** **8 – 10 MEI 2020**

**PLEK VAN SAAMTREK:** **ELKEEN SE EIE KEUSE: JOU EIE VOORTUIN, AGTERPLAAS, ONDER DAK OF WAAR JY OOK AL DIE LEKKERSTE GAAN STAAN** , **SOLANK JY MET JOU WOONWA STAAN** (Ons is mos gewoond om ons woonwaens op 'n lekker plek staan te maak).

**KOSTE VERBONDE:** Saamtrekfooie sal R100,00 per woonwa beloop vir die hele naweek. Die aantal persone maak nie saak nie, solank julle net 1m van mekaar af bly vir die hele naweek. Enige tipe troeteldiere word ook toegelaat. Daar sal 'n spesiale plaatjie vir die naweek uitgegee word teen R20,00 per plaatjie. Kampfooie beloop dus R120,00 – 'n winskoop vir seker. Die fondse ingevorder, sal aangewend word tot Streek Vaalrivier se 40e verjaardagfonds. Vir enige navrae kan Leon Delport geskakel word by 082-754 5346. Ons versoek dat julle ten minste 3 foto's gedurende die naweek op Whats App plaas oor jul doen en late, ten einde te kwalifiseer vir die spesiale plaatjie.

Die program vir die naweek sal soos volg wees:

**VRYDAG 8 MEI 2020**

Slaan jou woonwa op 'n lekker plekkie op. Drink 'n koffietjie of teetjie, daar is niks sterker beskikbaar nie.

Boekevat sal deur Joey Delport om 19:00 per Whats App aangebied word.

Na boekevat sal virtuele pannekoeke te koop aangebied word teen R1 per pannekoek. En julle weet, ons kan pannekoek bak!!! Julle kan per Whats App pannekoeke bestel en die geldjies dan saam met die kampfooie inbetaal. Ons sal u vroegtydig verwittig waar al die fondse inbetaal moet word.

**SATERDAG 9 MEI 2020**

Julle kan lekker laat slaap, en heeldag doen net wat julle wil. Neem foto's van alles wat julle aanvang en plaas dit op Whats App, ons wil sien wat almal doen.

Ons het 'n looitjie beskikbaar as julle looitjies wil uitneem. Die wenner sal op 'n later geleentheid aangekondig word. Koste per looitjie beloop R20,00. 'n Foto van die looitjie word onderaan die bladsy geplaas (laaste kolom – foto heel regs).

Boekevat sal deur Joey Delport om 19:00 per Whats App aangebied word.

Verkeer die res van die aand rustig om die kampvuurtjie, elkeen by sy eie woonwa, met 'n vleisie en 'n wettige drinkdingetjie.

**SONDAG 10 MEI 2020**

Jy kan rustig opstaan en gereed maak vir die virtuele erediens om 09:00 wat ons elkeen op ons eie televisie sal kyk aangesien ons nie kerkbyeenkomste mag hou nie, soos ons President beveel het.

Daar sal nie 'n Voorsitterstee gehou word na die erediens nie, drink maar jou eie sagte drankies by jou woonwa.

Ons kan wel 'n sagte heildronk instel op almal wat gedurende Mei verjaar. Hulle is soos volg: Johan Roux – 4 Mei; Anton Koekemoer – 7 Mei; Christa Chapman – 11 Mei; Willem Pretorius 13 Mei; Keagan van In – 16 Mei en Nadia Botha 24 Mei. Baie geluk aan julle almal. Mag julle 'n voorspoedige jaar hê.

Anton en Sondra Koekemoer vier hul huweliksherdenking op 23 Mei, baie geluk aan julle!!

Dan is dit weer oppaktyd en die woonwa word teruggesleep onder die afdak in. Veilig terugsleep.

## ONTHOU: